

**Efesiërs 4:(17) 22-32**  
**19de Sondag na Trinitates, 1 Okt 2016**

"Die lesing vir die 19de Sondag na Trinitatesfees staan opgeteken in die brief van Paulus aan die Efesiërs, hoofstuk vier, vanaf vers 17

*In die Naam van die Here doen ek 'n ernstige beroep op julle: Moenie langer soos heidene lewe nie...*

*Julle het tog Jesus leer ken. Julle het tog van Hom gehoor, en omdat julle sy volgelinge is, is julle onderrig volgens die waarheid wat in Jesus is. Hou dan op om te lewe soos julle vroër gelewe het; breek met die ou, sondige mens in julle wat deur sondige begeertes verteer word. Julle gees en gedagtes moet nuut word; lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: trek die nuwe mens aan en lewe volkome volgens die wil van God in geregtigheid en heiligheid.*

*25 Noudat julle die valsheid afgelê het, praat julle die waarheid onder mekaar, want ons is lede van dieselfde liggaam.*

*As julle kwaad word, moenie sondig nie, en moenie 'n dag kwaad afsluit nie. Moenie aan die duiwel ruimte gee nie. As iemand 'n dief was, moet hy ophou steel; hy moet deur harde werk op 'n eerlike manier self in sy lewensonderhou voorsien; dan sal hy iets hê om vir die armes te gee. Vuil taal moet daar nooit uit julle mond kom nie; praat net wat goed en opbouend is volgens die eis van omstandighede, sodat dit julle hoorders ten goede kan kom.*

*En moenie die Heilige Gees van God bedroef nie, want Hy het julle as die eiedom van God beseël met die oog op die verlossingsdag.*

*Moet nooit verbitter of opvlieënd wees of woedend word nie; moenie vloek of skel nie; moet niks doen wat sleg is nie. Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar, en vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het.*

Liewe gemeente,

ek hou van die ruimte, die melkweg, sterre, sterrestelsels, spasio ("oneindige" ruimte) en die fasinerende dinamika wat daar ver, ver buite ons bereik aangaan. Dikwels kyk ek lank na prente - en van julle wat die vers vir die dag ontvang, sal opmerk dat ek so nou en dan Bybelverse met fotos van die heelal verbind. En ek hou daarvan om kort artikels te lees oor bevindinge van die wetenskap. Een van die mees hoogaangeskrewe wetenskaplikes is Steven Hawkins, 'n uitgesproke ateïs en briljante wiskundige vra aan die einde van een van sy dokumentêre programme: *die mensdom staan op die punt om alles te kan verduidelik*, maar een vraag sal hom bybly en hy sal aanhou soek, naamlik die vraag: *waarom is daar iets en nie niks nie?* (Why is there something rather than nothing) Waarom is daar iets? Alhoewel alle wiskundige en wetenskaplike formules en berekeninge van die genialste breine op die planeet antwoorde kan gee hóé dinge werk, bly die vraag oop: wáárom is die dinge só soos hulle is? Sou jy vir Steven Hawkins kan help?

Toemaar, baie ewe briljante teoloë en godsdienste leiers het al met hom debat gevoer. Maar sodra daar enige verwysing gemaak word na God, of "'n hoër interligente wese", dan skakel die genie se brein af - want "'n hoër inteligetende wese" (enige mag of god) is nie berekenbaar nie, en vir Steven bestaan so iets nie en kan gevolglik nie as verklaring nader getrek word nie.

Ek neem sulke opmerkings ernstig op want ateïste (materialiste) bedoel dit ook ernstig. En ek versoek jou as Christen om te besef, waarmee ons in die Christelike geloof te doen het, is moeilik begrypbaar vir iemand wat buite die geloof staan. Paulus praat hier van die Heilige Gees wat van buite na binne ons kom. En ons verwys voortdurend na die Bybel as *die geopenbaarde Woord van God* wat ons hoor en dan ter harte neem. Die oorsprong van die geloof is dus onsigbaar, nie berekenbaar nie, nie beheerbaar of tasbaar nie. Ja meer nog, ons verklaar dat die oorsprong van die hele skepping, buitekant die ervaringshorison lê: aan die begin het God hemel en aarde gemaak. Uit Homself het die skepping voortgekom. Maar nou die gevolg wat ons trek is belangrik: omdat alles uit God voortgekom het, weerspieël alles die heerlikheid van God. Alles! Dus ook ek en jy as mens weerspieël in ons daar-wees God se heerlikheid. (

Desnieteenstaande weerspieël ons in ons menswees ook die sonde en die werke van die duiwel. Waar aan die begin alles goed was, het die dood in die skepping ingekom. Ook hierdie verklaring is 'n geloofsuitspraak gebaseer op die geopenbaarde Woord van God. Die oorsprong van die bose lê ook buite ons berekenings-

horison naamlik die duiwel. Maar die bese manifesteer in ons menswees. Die Bybel verduidelik: daarom het Jesus Christus in die wêreld ingekom om die werke van die duiwel tot niet te maak (1 Joh 3:8) Die verlore heerlijkheid van God word weer werklikheid wanneer iemand in Christus is en 'n nuwe skepping geword het (2 Kor 5:17)

En nou stel Paulus die vraag: **As mense dan verlos is, word God se heerlijkheid inderdaad ook sigbaar in Christene se lewe?** Die antwoord moet onteenseglik klink-klaar duidelik wees: Ja, jy en ek weerspieël die wese van God in ons alledaagse lewe. Trouens ons straal nie net God se heerlijkheid *in hierdie lewe* uit nie, maar ons sal dit ook *in die toekoms* in die hemel doen. Wat ons vir ewig en altyd in die hemel sal doen, doen ons nou reeds: Ons sal in ewige aanbidding die Here loof en prys - hier in die erediens is ons lofprysing. Ons sal één wees met Christus - nou reeds in die Nagmaal en in sy Woord. Ons sal een verlore skare wees - nou reeds as geloofsgemeenskap. Ons sal soos die engele die Here dien - vandag doen ons dit reeds deur diensbaar vir mekaar te wees.

Met ander woorde: wat ewigheidswaarde het, wat uit God spruit, word hier-en-nou reeds gemanifesteer in die lewe van hulle wat hul'self Christene noem (soos Christus wees / word).

Al waarvoor Paulus pleit is: laat dit sigbaar word! Leef wat julle reeds in Christus is! God het julle gemaak om God se wese sigbaar te maak. En ek mag hier ook 2 Kor 1:24 nader trek om Paulus se houding te beskryf: "Ons wil nie as heersers voorskryf wat julle moet glo nie. Julle staan immers vas in die geloof. Maar ons wil medewerkers wees om julle blydschap te bevorder." En dit is ook my houding as prediker binne die gemeente - nie as heerser maar as medewerker daarvoor nadink hoe om die blydschap in die Here te bevorder.

En nou mag ek nog 'n vergelyking met my stokpertjie ivm die heelal inbring. Ons sien die sterre met die blote oog. Maar ons sien ligpunte. Elke ligpunt weet ons nou, is 'n son op sy eie. Saam vorm sterre die melkweg. En daar is duisende, miljoene sterrestelsels in die heelal. Hoe weet ons dit? Wel, ons mense kyk deur 'n teleskoop. Die teleskoop (radio- of infrarooi-teleskoop) vergroot die ligpunte duisend kere, en so kan mense meer en meer teweete kom, wat daar in die buitenste ruimte aangaan.

Ons kan elke dag van teleskope gebruik maak - ons noem hulle vêrkykers. Maar julle weet wat 'n vêrkyker nog kan doen. As jy op die regte manier deur 'n vêrkyker kyk, vergroot dit. Maar as die ding hom omdraai, verklein dit. Iets wat naby is, kan skielik baie klein en ver lyk.

Nou die vraag: wat sien nie-Christene as hulle na ons Christene kyk? Vergroot ons vir hulle God se heerlijkheid? Of is ons soos 'n omgekeerde vêrkyker dat ons God se heerlijkheid verklein?

Verstaan julle?

Daar is Christene wat graag *verskuilde* Christene wil wees, nie in die soeklig onder die vergrootglas nie maar wil net waargeneem word soos met 'n omgekeerde vêrkyker. Mense rondom kom nooit agter dat daar 'n Christen in hulle midde sou wees nie want hulle sien net 'n klein ligpunt. Hoe egter kan ons soos die son skyn en God se heerlijkheid vergroot? **Hoe kan ons 'n skynende lig word in die wêreld?**

Die eerste punt het ek reeds genoem: **besef, waarom God jou gemaak het.** God het blydschap oor sy skepping. Meer nog: Hy het jou verlos en verheug Hom nog oneindig meer omdat Hy met jou en my in ewigheid sal saamwees. In hierdie besef moet alle angs en neerslagtigheid wyk want God se vreugde vind sy teken in ons hart, in ons denke, ja ons hele wese.

Dit kom neer op die eerste gebod - laat God *God* wees. Dit is méér as intellektuele kennis, dit is hartsvertroue en blydschap en geloofssekerheid en geborgenheid in die Here (nie vreugde op sigself nie, want daar bestaan nie so iets nie; vreugde is altyd vreugde oor iets, in iets. En die Christelike blydschap is in Hom! - en daarom ook onafhanklik van omstandighede waaroor ons so dikwels kerm en treur)

Die tweede punt is dat ons nie net met God se blydschap vervul word nie maar ook met God se karakter en eienskappe. Op ander plekke praat Paulus **om gelykvormig aan die Seun van God te word** (Rom 8:29 vgl. Fil 3:21) Dit sluit in dat ons ons wilskragte inspan om Hom te leer ken. Wat ons as geskenk in die doop en *in Christus* ontvang het, wil oorgaan in ons eie karakter en emosies. Maar in ons, dit is ons "vlees", ons sondige menswees, heers daar ook ander begeertes wat nie wil hê wat God wil hê nie (Rom.7) sodat 'n innerlike vernuwingsproses onafwendbaar word.

Dit is in hierdie opsig dat ons tema vir hierdie Sondag nou ter sprake kom: genesing na liggaam en siel. Wat doen Jesus toe die vier manne hul' vriend aan toue deur die dak voor Jesus laat sak? (Mark 2:1-11) Jesus sê vir die verlamde man: "Seun, jou sondes is vergewe!" Jesus maak hom los van alle bande van die verlede en bind die man aan Homself. Daarna doen Jesus ook die "maklike" ding en bevry die man van sy sigbare, fisiese siekte. Jesus sê vir die man: staan op, neem jou bed en gaan huis toe!

Wanneer Paulus nou 'n redelike lys van moets-en-moennies weergee, gaan dit oor niks anders as dat mense sal insien dat God hulle innerlike sondesiekte genees het en nou 'n nuwe lewenspatroon aanleer. Nôú is die tyd daar dat ook ons sal opstaan en ons gesondheid ten toon stel. Ons is genees - daarom tree ons genesend op. Ons sondes is vergewe - daarom tree ons vergewensgesind op. Ons harte is gevul - daarom vul ons dit nie meer met allerhande ander dinge nie. Waar ook al sonde 'n siekte veroorsaak het, sal ons in die Naam van Jesus wil opstaan en heling bring.

Die lys wat Paulus voorhou, kan vanselfsprekende verleng word. Slegs ene sal ons vandag onder oënskou kan neem. Paulus begin in V 25: Daarom, lê die leuen af en spreek die waarheid, elkeen met sy naaste, want ons is mekaar se lede. (1953 Vertaling) Wat is die leuen? Dis nie net so nou en dan onwaarhede praat nie, maar ek verstaan die Leuen (hoofletter) as drogbeelde. **Leuens wat ons glo - soos byvoorbeeld** ... (studentebetogings en die verwagtinge, "affairs" buite die huwelik, ek moet altyd my eie lot bestuur, alle godsdienste is dieselfde)

Nog 'n voorbeeld: hoe kry ek 'n gelukkig lewe? Sommige mense mag dalk dink, as ek goed voel oor myself, as ek myself groot maak, as alle probleme opgelos is en as alle mense wat my frustreer opsy gestoot word - dan sal ek blydskap ervaar. Nee, in die hemel sal daar geen spieëls wees nie waarin ek aanhoudend op myself konsentreer en myself opkikker nie. Die hemel is nie 'n saal vol spieëls waarin ek kyk en ek hou wat ek sien, nie. Nee, in die hemel sal ons aangesig gerig wees op Hom wat sy aangesig oor ons laat skyn. Daarom is ook die eerste gebed wat Jesus vir ons leer: Laat u Naam geheilig word - by ons! Die boodskap van die Evangelie is juis dat ek wegkyk van myself heen na Hom wat my geskep en verlos het. As *ewebeeld van God* vind ek my menswees en my geluk. En dit is ook die boodskap wat ons as dissipels van Jesus aan ander wil oordra.

En waar kom die leuens vandaan? Hoe beland hulle in ons kop? Soos reeds hier bo gesê, is hulle maar deel van ons egosentriese *menswees* (begeertes) maar daar ook deure wat ons vir *ander magte* en kragte kan open. Vanselfsprekend ook, soos Paulus sou sê, *die wêreld* wat aan ons verdraaide opvattinge van die lewe voorhou.

Hierteenoor sê Paulus: Lê die leuen af! Trek dit soos 'n ou verslete, stinkende kleed uit. Daar is sekere beginsel wat in sigself giftig is en wat na die verderf lei. Vernuwe julle gedagtes tov die waarheid. Trek die waarheid aan soos 'n nuwe feestelike kleed. Maak dit van nou af jou vaste voorneme om altyd *in dié Waarheid* te leef. En waarheid beteken dat my sondes vergewe word, dat ek losgemaak word van bindinge van die verlede, dat die verhoudinge weer herstel word. Waarheid beteken dat ek eerlik met myself is en ophou om voor te gee wat ek nie is nie. Waarheid beteken dat ek die regte dinge begeer wat tot die lewe lei. **Waarheid beteken dat my Godsverhouding weer hoogste prioriteit sal kry sodat ook die ander verhoudinge weer in plek val.** Waarheid beteken getrouheid, volharding en doelgerigheid. En waarheid beteken (wat Paulus hier uitlig) dat ek van nou die waarheid praat, ophou skinner en ander sleg sê maar alles ten voordeel van my naaste sal vertolk (vergl. Die gebod: Jy moenie vals getuies teen jou naaste spreek nie).

Hoe wonderlik is die nuwe lewe in Christus! dat ek kan ophou om my eie self te soek en te "boast" waar dit nie nodig is nie, maar ek kan my eie "self" vind in Christus. Ek hoef nie meer die grootste te wees nie, want Christus gee vir my 'n status soos geen mens dit vir my kan gee nie. Christus waarborg vir my 'n vrede in die hart soos ek nooit dit nooit in enige kulturele, sosiale of familiêre gemeenskap sal vind nie. Ook my woord sal van nou af betroubaar wees; mense hoef nie meer te twyfel of ek lieg of iets voorgee nie, nee, ek praat die waarheid. 'n Ja-woord is 'n ja-woord. En 'n nee-woord beteken 'n nee.

Sien, in so 'n atmosfeer van *Waarheid* (hoofletter) gedei vriendskapsbande. In die lig van waarheid word dinge duidelik en word die hele gemeenskap gebou.

Nog 'n geheim deel Paulus ons mee waarom ons die waarheid moet praat: **want ons is lede van mekaar.** Daar is iets in my wat van julle afkomstig is; en daar is iets in julle wat van my af kom. Oorspronklik kom dit van God af, van Christus deur die Heilige Gees, maar dit kom na my toe deur julle diensbaarheid aan my. En deur my diensbaarheid aan julle, deur my sigbare dade vloei iets goddeliks na julle toe. Paulus gebruik die beeld: ons is (liggams)ledemate van mekaar. As jy dus vir my 'n leuen oordra, dan sal die liggaamsdeel wat ek van jou ontvang, verwronge wees. Of omgekeerd, as my diensbaarheid aan julle nie uit die vreugde in die Here spruit nie, sal ek iets giftig aan julle oordra. Daarom: praat die waarheid.

Dit begin in die geloofsgemeenskap, hier, waar ek en jy Christus ontvang én in ons liggame manifesteer, onderlings uitleef. Dit brei uit na my huis en familie, my vriende en kollegas, my gemeenskap en waar ek ook al beweeg, sal mense iets raaksien wat anders is as wat die wêreld verkondig.

Sal selfs iemand soos Steven Hawkins die waarheid in my kan raaksien? En al kan hy nie die God van hemel en aarde raaksien of bereken nie, mag ek soos 'n teleskoop word wat die God se wonderdade in my lewe groot maak. Ander wil kan sien dat God se Naam by my geheilig word.

Maar bo alles sal die liefde die oorheersende botoon voer. Die liefde vanuit God teenoor ons maak ons vry om afstand te doen van verkeerde gewoontes, vry om barmhartig te wees, vry om leiding te gee aan diegene wat aan ons toevertrou is.

Wat die ander deugde betref laat die tyd ons nou nie toe om verder daarop in te gaan nie. Dit word op ons harte gelê:

Moenie aan die duiwel ruimte gee nie. As iemand 'n dief was, moet hy ophou steel; hy moet deur harde werk op 'n eerlike manier self in sy lewensonderhou voorsien; dan sal hy iets hê om vir die armes te gee. Vuil taal moet daar nooit uit julle mond kom nie; praat net wat goed en opbouend is volgens die eis van omstandighede, sodat dit julle hoorders ten goede kan kom.

Moet nooit verbitter of opvlieënd wees of woedend word nie; moenie vloek of skel nie; moet niks doen wat sleg is nie. Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar, en vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het.

En moenie die Heilige Gees van God bedroef nie, want Hy het julle as die eiedom van God beseël met die oog op die verlossingsdag.

**Ingehul in die kled van Christus is ons nuwe mense. Ons dink, leef, praat en handel soos Christus dit in ons voortbring.** Só kan ons waarlik lig wees vir die wêreld. Mag God ons daartoe sy genade gee. Amen.

En mag die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, die waak hou oor ons gedagtes en gevoelens in Christus Jesus, onse Here. Amen.

Die Gees wat ons ontvang het, is nie die gees van die wêreld nie, maar die Gees wat van God kom. So weet ons wat God ons uit genade geskenk het. 1 Kor 2:12

